(ii) indien sodanige kwitansie nie beskikbaar is nie, 'n kwitansie deur die Raad voorgeskryf teken vir die terugbetaling aan hom van sodanige deposito of 'n gedeelte daarvan,

en hy moet die tesourier tevrede stel dat hy die persoon is wat tot sodanige terugbetaling geregtig is.

(b) Indien 'n deposito of 'n gedeelte daarvan ooreenkomstig paragraaf (a) terugbetaal is, is die Raad kwytgeskeld van enige verdere aanspreeklikheid ten opsigte daarvan.

(5) Die verbruikersooreenkoms kan 'n bepaling bevat dat enige bedrag deur die verbruiker gestort, waarvoor geen terugbetaling aldus geëis is nie, binne een jaar nadat òf sodanige ooreenkoms beëindig is òf nadat die verbruiker om enige rede opgehou het om 'n toevoer ingevolge sodanige ooreenkoms te ontvang, by verstryking van daardie tydperk deur die verbruiker verbeur word tot voordeel van die Raad.

(6) Ondanks die bepalings van subartikel (5), moet die Raad te eniger tyd —

(a) aan die persoon wat die deposito betaal het wanneer hy die Raad tevrede stel ten opsigte van sy identiteit en die bedrag; of

sumer approved by the Council, every applicant for a supply shall, before such supply is given, deposit with the Council a sum of money on the basis of the cost of the maximum consumption of water which the applicant is in the treasurer's opinion likely to use during any two consecutive months: Provided that such sum shall not be less than is prescribed in the tariff.

(b) Notwithstanding the foregoing provisions of this section the treasurer may, in lieu of a deposit, accept from an applicant, a guarantee for an amount calculated in accordance with paragraph (a) and in the form prescribed by the Council, as security for the payment of any amount that may become due by the applicant for, or in respect of, the supply of water: Provided that no such guarantee shall be accepted unless —

(i) the estimated monthly account in respect of the supply of electricity to the premises concerned amounts to at least five hundred rand; or

(ii) the estimated monthly account in respect of the supply of water to the premises concerned amounts to at least five hundred rand.

(2) The treasurer may at any time when the deposit or guarantee is found to be inadequate for the purposes of subsection (1), require a consumer to increase the deposit made or guarantee furnished by him, in which event the consumer shall, within thirty days after being so required, deposit with the Council such additional sum or furnish such additional guarantee as the treasurer may require, failing which the Council may discontinue the supply.

(3) Any sum deposited by or on behalf of a consumer shall, on being claimed, be refunded within thirty days after the termination of the consumer's agreement after deducting any amount due by the consumer to the Council.

(4) (a) Subject to the provisions of subsection (3), any person claiming a refund of a deposit or part thereof, shall either —

(i) surrender the receipt which was issued for payment of the deposit; or

(ii) if such receipt is not available, sign a receipt prescribed by the Council for the refund to him of such deposit or part thereof,

and satisfy the treasurer that he is the person entitled to such refund.

(b) If a deposit or part thereof has been refunded in accordance with paragraph (a), the Council shall be absolved from any further liability in respect thereof.

(5) The consumer's agreement may contain a provision that any sum deposited by the consumer, a refund of which has not been so claimed within one year after either such agreement has been terminated or he has ceased for any reason to receive a supply in terms of such agreement, shall at the expiration of that period become forfeited to the Council.

(6) Notwithstanding the provisions of subsection (5), the Council shall at any time pay —

(a) to the person who paid the deposit on his satisfying the Council of his identity and the amount; or

(b) aan enige ander persoon wat die Raad tevrede gestel het dat hy daarop geregtig is dat die betaling aan hom gemaak word,

'n bedrag betaal gelykstaande met die verbeurde deposito.

(7) Indien 'n verbruiker by die Raad aansoek doen om 'n toevoer van hoër kapasiteit as wat hy ontvang, kan die tesourier vereis dat die verbruiker 'n hoër deposito betaal of 'n groter waarborg ingevolge subartikels (1) en (2) verskaf voordat sodanige toevoer toegestaan word."

2. Deur na item 6 van die Tarief van Gelde onder die Aanhangsel van Bylae 1 by Hoofstuk 3 die volgende by te voeg:

"7. *Deposito's.*

Minimum deposito betaalbaar ingevolge artikel 23(1)(a): R10."

PB. 2-4-2-104-65

Administrateurskennisgewing 1219 16 Julie 1975

MUNISIPALITEIT PRETORIA: WYSIGING VAN RIOLERINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Rioleringsverordeninge van die Munisipaliteit Pretoria, afgekondig by Administrateurskennisgewing 774 van 23 Julie 1969, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Skaal van Gelde onder Bylae B deur die volgende te vervang: —

"Skaal van gelde: —

	R
(a) Vir nuwe geboue en aanbousels aan bestaande geboue, vir elke 50 m² of gedeelte daarvan van elke verdieping	1,60
(b) In die geval van veranderings, vir elke nuwe toebehoorsel of bestaande toebehoorsel wat na 'n ander posisie verskuif word	1,50
(c) Minimum geld betaalbaar ten opsigte van enige rioleringstekening, gewysigde of afwykingstekening wat voorgelê word	5,00
(d) Waar die goedkeuring van 'n tekening ingevolge hierdie verordeninge verval het, is die geld vir die hernuwing daarvan vir 'n verdere 12 maande 50 persent van die gelde wat ten tyde van sodanige hernuwing betaalbaar is, met 'n minimum van R6."	

PB. 2-4-2-34-3

Administrateurskennisgewing 1220 16 Julie 1975

MUNISIPALITEIT PRETORIA: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE STRATE EN GEBOUE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

(b) *to any other person who has satisfied the Council* that he is entitled to have the payment made to him,

an amount equal to the forfeited deposit.

(7) If a consumer applies to the Council for a supply *of higher capacity than he is receiving, the treasurer may* require the consumer to make an increased deposit or furnish an increased guarantee in terms of subsections (1) and (2) before such supply is given."

2. By the addition after item 6 of the Tariff of Charges under the Annexure of Schedule 1 to Chapter 3 of the following:

"7. *Deposits.*

Minimum deposit payable in terms of section 23(1)(a): R10."

PB. 2-4-2-104-65

Administrator's Notice 1219 16 July, 1975

PRETORIA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage By-laws of the Pretoria Municipality, *published under Administrator's Notice 774, dated 23* July 1969, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Scale of Fees under Schedule B of the following —

"Scale of fees: —

	R
(a) For new buildings and additions to existing buildings, for each 50 m² or part thereof of each storey	1,60
(b) In the case of alterations, for each new fitting *installed or existing fitting moved to* another position	1,50
(c) Minimum fee payable in respect of any drainage drawing, amended or deviation drawing submitted	5,00
(d) Where the approval of a drawing has lapsed in terms of these by-laws, the fee for the renewal thereof for a further 12 months, shall be 50 per cent of the fees payable at the time of such renewal, with a minimum of R6."	

PB. 2-4-2-34-3

Administrator's Notice 1220 16 July, 1975

PRETORIA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO STREETS AND BUILDING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Die Verordeninge Betreffende Strate en Geboue van die Munisipaliteit Pretoria, afgekondig by Goewermentskennisgewing 1136 van 28 September 1903, waarvan 'n Afrikaanse vertaling by Administrateurskennisgewing 627 van 1 Augustus 1956 afgekondig is, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig: —

1.(a) Deur paragraaf (d) van artikel 85 deur die volgende te vervang:

"(d) Elke noodtrap, bordes, hooftrap en dak waartoe lede van die publiek toegang het, moet van 'n balustrade, handreling of ander beskerming van minstens *1,075 m hoog* voorsien word wat so opgerig is dat dit veilig is, en een afmeting van enige opening daarin mag nie meer as *125 mm* wees nie. Sodanige balustrade moet vertikale standers hê, en enige horisontale deel of deel wat die helling van die trap volg, mag nie meer as *75 mm* van die bo- of onderkant van sodanige balustrade af wees nie."

(b) Deur na artikel 85(g) die volgende in te voeg: —

"(h) Elke hooftrap of brandtrap aan die buitekant van 'n gebou moet doelmatig afgeskerm word en sodanige afskerming moet aan die vereistes van goeie argitektuur voldoen."

2.(a) Deur in artikel 100(h) die uitdrukking "motoroordak of -skuiling," te skrap.

(b) Deur na artikel 100(h) die volgende in te voeg: —

"(i) Ondanks enige strydige bepalings in hierdie verordeninge vervat, kan 'n motorafdak of -skuiling op enige grens van die terrein, behalwe die straatgrens, opgerig en aan 'n woning of 'n buitegebou geheg word, mits —

(i) die ligging van sodanige motorafdak of -skuiling nie die aantreklikheid van enige aangrensende eiendom nadelig raak nie;

(ii) die hoogte van sodanige motorafdak of -skuiling op die grens nie *3 m* en die lengte daarvan nie *7,5 m* oorskry nie;

(iii) die buiteaansig van die grensmuur met siersteen gebou word, tensy die eienaar van die aangrensende eiendom skriftelik tot 'n alternatiewe duursame afwerking instem;

(iv) sodanige motorafdak of -skuiling aan twee teenoorstaande kante heeltemal oop is sodat lug vrylik kan sirkuleer;

(v) die gedeelte van die brandmuur wat bokant die dak uitsteek, weggelaat word en die dak, wat van onbrandbare materiaal moet wees, verleng word tot by sodanige brandmuur maar nie daarby verbysteek nie, en geen hout nader as *102 mm* van die buitekant van sodanige muur aangebring word nie."

3. Deur artikel 108 deur die volgende te vervang: —

"Geboue mag nie nader as die vyftigjaarvloedlyn van die middel van enige natuurlike waterloop af wees nie.

108.(1) Geen gebou mag so opgerig word dat dit op sy naaste punt nader aan die middel van enige natuurlike waterloop is as 'n lyn wat die maksimum hoogte aandui wat waarskynlik deur vloedwater in die gemelde waterloop gemiddeld elke vyftig jaar bereik sal word nie.

The Streets and Buildings By-laws of the Pretoria Municipality, published under Government Notice 1136, dated 28 September 1903, of which an Afrikaans translation was published under Administrator's Notice 627, dated 1 August 1956, as amended, are hereby further amended as follows: —

1.(a) By the substitution for paragraph (d) of section 85 of the following: —

"(d) Every escape stair, landing, main stair and roof to which members of the public have access, shall be provided with a balustrade, handrail or other protective device with a height of at least *1,075 m* erected in such a manner that it shall be safe, and one dimension of any aperture therein shall not exceed *125 mm*. Such balustrade shall have vertical members, and any horizontal part or part following the rake of the stair shall be not more than *75 mm* from the top or bottom of such balustrade."

(b) By the insertion after section 85(g) of the following: —

"(h) Every main stair or fire escape which is situated outside a building shall be suitably enclosed and such enclosure shall conform to good architecture."

2.(a) By the deletion in section 100(h) of the words "car-port or shelter".

(b) By the insertion after section 100(h) of the following: —

"(i) Notwithstanding anything to the contrary in these by-laws contained, a car-port or shelter may be erected on any boundary, other than the street boundary, of the site, and be attached to a dwelling or an out-building, provided —

(i) the position of such car-port or shelter does not detrimentally affect the amenities of any adjoining property;

(ii) the height of such car-port or shelter on the boundary does not exceed *3 m* and the length thereof does not exceed *7,5 m;*

(iii) the external face of the boundary wall is built of face bricks, unless an alternative durable finish is agreed to, in writing, by the owner of the adjoining property;

(iv) such car-port or shelter is completely open on two opposite sides to ensure free air circulation;

(v) the portion of the firewall which projects above the roof be omitted and the roof, which shall be of an incombustible material, is carried over but does not project beyond such wall, and no timber is placed within *102 mm* of the external face of such wall."

3. By the substitution for section 108 of the following: —

"Buildings not to be nearer the centre of any natural watercourse than the fifty-year flood-line.

108.(1) No building shall be erected so that it is at its nearest point nearer to the centre of any natural watercourse than a line indicating the maximum level likely to be reached on an average every fifty years by flood-water in the said watercourse.

(2) Vir die toepassing van subartikel (1) is die stadsingenieur die alleenbeslisser van die posisie van gemelde lyn en van die middel van sodanige natuurlike waterloop.

(3) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken 'n natuurlike waterloop 'n topografiese grondlaagte wat oppervlak-stormwater versamel en in 'n definitiewe rigting afvoer en dit sluit enige duidelik-omlynde natuurlike kanaal wat water in 'n definitiewe rigting oor 'n bedding tussen sigbare oewers afvoer in, hetsy die vorm daarvan kunsmatig verander is al dan nie en hetsy sodanige kanaal gedurende enige tydperk van die jaar droog is al dan nie, en dit sluit enige rivier, spruit en stroom in."

4. Deur in artikel 111*bis*(a) na die woorde "die Direkteur se skriftelike magtiging verkry is nie" die volgende in te voeg: —

"en die Direkteur kan dié voorwaardes stel wat hy nodig ag om veiligheid tydens uitgrawings te verseker, om beheer oor die storing en opberging van uitgegraafde grond uit te oefen en om te voorkom dat uitgrawingswerk en uitgegraafde grond 'n oorlas veroorsaak."

5. Deur paragrawe (a), (b) en (c) van artikel 125(1) deur die volgende te vervang: —

"(a) Behoudens die bepalings van paragraaf (b) is die tariefskaal vir alle nuwe geboue, met inbegrip van buitegeboue, stoepe en verandas wat onder dak is, soos volg: —

(i) *1 m²* tot en met *135 m²* teen R1,25 per *10 m²* of deel daarvan bereken op die totale afmetings van die geboue op elke verdieping, maar met uitsondering van buitetrappies, skoorsteenborste, bere, dakoorhange tot 'n maksimum van *1 m* en ander soortgelyke uitstekke.

(ii) Bo *135 m²* teen R2,50 per *10 m²* of deel daarvan bereken soos in subparagraaf (i) omskryf is.

(iii) Nuwe aanbousels aan enige bestaande gebou teen R2,50 per *10 m²* of deel daarvan bereken soos in subparagraaf (i) omskryf is.

(iv) Verbouing aan enige bestaande gebou: Gelde word op die waarde van die verrigte werk teen R2,30 per R200 of deel daarvan bereken.

(v) Die minimum geld betaalbaar vir enige bouaansoek, met inbegrip van enige gewysigde of afwykingsplan, is R6.

(vi) Waar die goedkeuring van 'n plan ooreenkomstig hierdie verordeninge verval het, is die gelde betaalbaar vir die hernuwing daarvan vir 'n verdere tydperk van 12 maande, 50 persent van die gelde wat ten tyde van sodanige hernuwing van toepassing is, met 'n minimum van R6.

(b) Gelde vir nuwe nywerheidsgeboue en aanbousels daaraan wat opgerig gaan word in algemene en spesiale nywerheidsones soos in die Dorpsbeplanningskemas omskryf word, teen R1,25 per *10 m²* of deel daarvan bereken soos in subparagraaf (a)(i) omskryf is: Met dien verstande dat die bepalings van paragraaf (a)(v) en (vi) *mutatis mutandis* van toepassing is.

(c) Diverse gelde:

(i) Vir toestemming om munisipale eiendom te gebruik en 'n skutting aldaar op te rig: 20c per *1 m²* per week of gedeelte daarvan, bereken op die ingeslote oppervlakte.

(2) For the purpose of subsection (1) the city engineer shall be the sole judge of the position of the said line and of the centre of such natural watercourse.

(3) For the purposes of this section, a natural watercourse means a topographic land depression which collects and conveys surface stormwater in a definite direction, and includes any clearly defined natural channel, which conveys water in a definite course along a bed between visible banks, whether or not its conformation has been changed by artificial means and whether or not such channel is dry during any period of the year, and includes any river, spruit and stream."

4. By the insertion in section 111*bis*(a) after the words "prior written authority of the Director" of the following: —

"and the Director may impose such conditions as he deems fit to render excavations safe to exercise control over dumping and storage of excavated soil and to prevent excavation work and excavated soil causing a nuisance."

5. By the substitution for paragraphs (a), (b) and (c) of section 125(1) of the following: —

"(a) Subject to the provisions of paragraph (b), the scale of fees for all new buildings including outbuildings, stoeps and verandahs, if roofed over, shall be as follows: —

(i) *1 m² to 135 m²* inclusive at the rate of R1,25 per *10 m²* or part thereof, calculated on the overall dimensions of the buildings at each floor level, but excluding external steps, chimney breasts, buttresses, eave projections to a maximum of *1 m* and other similar projections.

(ii) Over *135 m²* at the rate of R2,50 per *10 m²* or part thereof calculated as described in subparagraph (i).

(iii) New additions to any existing building at the rate of R2,50 per *10 m²* or part thereof calculated as described in subparagraph (i).

(iv) Alterations to any existing building: Fees shall be calculated on the value of the work performed at the rate of R2,30 per R200 or part thereof.

(v) The minimum fee payable for any building application including any amended or deviation plan shall be R6.

(vi) Where the approval of a plan has lapsed in terms of these by-laws, the fees payable for the renewal thereof for a further period of 12 months shall be 50 per cent of the fees applicable at the time of such renewal with a minimum of R6.

(b) Fees for new industrial buildings and additions thereto to be erected in general and special industrial zones as defined in the Town-planning Schemes at the rate of R1,25 per *10 m²* or part thereof calculated as described in paragraph (a)(i): Provided that the provisions of paragraph (a)(v) and (vi) shall apply *mutatis mutandis.*

(c) Miscellaneous fees: —

(i) For permission to use municipal property and to erect a boarding thereon: 20c per *1 m²* per week or part thereof calculated on the area enclosed.

(ii) Permit om 'n veranda oor 'n munisipale plek op te rig: R6.

(iii) Huurgeld vir 'n veranda oor 'n munisipale plek: 3,8c per *1 m²* per jaar, bereken op die oppervlakte van die munisipale plek wat deur sodanige veranda oordek word.

(iv) Vir 'n afskrif van 'n goedkeuringskennisgewing, of 'n afskrif van 'n goedkeuring op bykomende planne: 50c."

PB. 2-4-2-88-3

Administrateurskennisgewing 1221 16 Julie 1975

MUNISIPALITEIT RANDBURG: VERORDENINGE INSAKE KARBIED.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Woordomskrywing.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

"geregistreerde perseel" 'n perseel wat die Raad ingevolge hierdie verordeninge vir die opberging van kalsiumkarbied geregistreer het:

"karbied" kalsiumkarbied;

"persoon" ook enige individu, maatskappy of liggaam met regspersoonlikheid of 'n vennootskap of 'n ander vereniging van persone;

"Raad" die Stadsraad van Randburg en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is;

"registrasiesertifikaat" 'n sertifikaat wat deur die Raad uitgereik is waarby magtiging aan iemand verleen word om die daarin vermelde persele vir die opberging van karbied te gebruik.

Registrasiesertifikaat ten Opsigte van Opberging.

2.(1) Niemand mag meer as 900 kg karbied op 'n perseel hou of opberg nie, tensy hy in besit is van 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van sodanige perseel.

(2) Alvorens daar voldoen word aan die bepalings van hierdie verordeninge in verband met sodanige perseel, word geen registrasiesertifikaat aan iemand toegestaan vir die opberging van karbied nie.

(3) Sodanige sertifikaat —

(a) moet die maksimum hoeveelheid karbied wat op die perseel opgeberg kan word, aangee;

(b) kan uitgereik word, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Raad gerade ag, met inagneming van die omstandighede.

(4) Elke sodanige sertifikaat is geldig vir 'n tydperk wat op die daaropvolgende 31ste dag van Desember eindig.

(ii) Permit to erect a verandah over a municipal place: R6.

(iii) Rental for a verandah over a municipal place: 3,8c per *1 m²* per year, calculated on the area of the municipal place covered by such verandah.

(iv) For a copy of an approval notice or a copy of an approval on additional plans: 50c."

PB. 2-4-2-88-3

Administrator's Notice 1221 16 July, 1975

RANDBURG MUNICIPALITY: CARBIDE BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Definitions.

1. For the purpose of these by-laws, unless the context indicates otherwise —

"carbide" means carbide of calcium;

"certificate of registration" means a certificate issued by the Council authorizing any person to use the premises therein specified for the storage of carbide;

"Council" means the Town Council of Randburg and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

"person" includes any individual, company or corporate body or partnership or other association of persons;

"registered premises" means premises registered by the Council in terms of these by-laws for the storage of carbide of calcium.

Certificate of Registration in respect of Storage.

2.(1) No person shall keep or store carbide in excess of 900 kg on any premises, unless he is in possession of a certificate of registration in respect of such premises.

(2) No certificate of registration shall be issued to any person in respect of any premises for the storage of carbide until the provisions of these by-laws have been complied with in respect of such premises.

(3) Such certificate —

(a) shall state the maximum amount of carbide permitted to be stored on the premises;

(b) may be issued subject to such conditions as are deemed necessary by the Council, having regard to the circumstances.

(4) Every such certificate shall be valid for the period terminating on the next succeeding 31st day of December

(5) Geen registrasiesertifikaat, uitgesonderd 'n hernuwing daarvan, word ten opsigte van 'n perseel uitgereik, alvorens aan die bepalings van artikel 3 voldoen, en die aansoek daarom deur die Raad goedgekeur is nie.

Aansoek om Registrasiesertifikaat.

3.(1) Elke aansoek om 'n registrasiesertifikaat moet vergesel gaan van die gelde voorgeskryf in die Bylae hierby en moet skriftelik by die Raad gedoen word op 'n vorm wat vir dié doel deur die Raad verskaf word.

(2) Elke sodanige aansoek moet vergesel gaan van 'n plan van die perseel ten opsigte waarvan 'n sertifikaat vereis word, wat volgens 'n skaal van minstens 1:100 geteken is, en waarin die opstand van die perseel met betrekking tot die aangrensende geboue, bo- of ondergronds, aangedui word.

(3) Elke sodanige aansoek moet vergesel gaan van 'n blokplan wat volgens 'n skaal van minstens 1:500 geteken is, en waarop die volgende besonderhede aangedui word: —

(a) Die perseel en alle oop ruimtes en die standplaasnommer daarvan;

(b) die aangrensende standplase en hulle nommers;

(c) die name van strate waaraan die terrein grens en die dorp waarin dit geleë is; en

(d) die noordpunt.

(4) Waar die plan betrekking het op 'n bestaande perseel ten opsigte waarvan 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 2 uitgereik is en ten opsigte waarvan dit die voorneme is om veranderings of aanbouings aan te bring, moet slegs 'n grondplan tesame met sodanige aansoekvorm en die voorgeskrewe gelde ingedien word. Sodanige grondplan moet volgens 'n skaal van minstens 1:100 geteken wees en moet sodanige aanbouings of veranderings met betrekking tot die bestaande perseel aandui.

(5) Alle planne moet —

(a) deur die eienaar of sy agent onderteken word;

(b) met Indiese ink op natreklinne geteken of duidelik op doek met 'n wit agtergrond afgedruk wees; en

(c) soos volg met vaste kleure ingekleur wees:

Blokplan:

Voorgestelde persele of veranderings: Rooi.

Ander bestaande geboue: Grys of neutrale kleur.

Oop ruimtes: Ongekleurd.

(6) Daar moet 'n geld van R1 ten opsigte van elke aansoek om goedkeuring van 'n plan of planne betaal word wanneer dit ingedien word; en wanneer dit goedgekeur is, word sodanige plan of planne die eiendom van die Raad. Wanneer so 'n plan goedgekeur is, word 'n skriftelike kennisgewing uitgereik met sodanige voorwaardes daarop geëndosseer as wat die Raad nodig ag.

(7) Die goedkeuring van planne ten opsigte van 'n perseel beteken geensins dat die Raad enige aanspreeklikheid met betrekking tot sodanige perseel aanvaar nie.

(8) Die Raad se goedkeuring van enige plan ingevolge hierdie verordeninge is van nul en gener waarde indien daar nie binne een jaar na die datum van sodanige goedkeuring, aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen is nie.

(5) No certificate of registration, other than a renewal thereof, shall be issued in respect of any premises until the provisions of section 3 have been complied with and the application therefor has been approved by the Council.

Application for a Certificate of Registration.

3.(1) Every application for a certificate of registration, accompanied by the charges prescribed in the Schedule hereto, shall be made in writing to the Council on a form to be provided by the Council for the purpose.

(2) Every such application shall be accompanied by a plan of the premises in respect of which the certificate is required, drawn to a scale of not less than 1:100 and showing the elevation of the premises in relation to adjacent buildings above or below the ground.

(3) Every such application shall also be accompanied by a block plan drawn to a scale of not less than 1:500 on which the following particulars shall be shown:

(a) The premises and all open spaces with the stand number thereof;

(b) the adjacent stands and the numbers thereof;

(c) the names of any streets on which the site abuts and the township in which it is situated; and

(d) the north point.

(4) Where the plan relates to existing premises in respect of which a certificate of registration has been issued in terms of section 2 and to which it is proposed to make alterations or additions, only a ground plan together with such application form and the prescribed charges shall be submitted. Such ground plan shall be drawn to a scale of not less than 1:100 and shall show such additions or alterations in relation to the existing premises.

(5) All plans shall be —

(a) signed by the owner or his agent;

(b) drawn in Indian ink on trasing linen or clear prints on cloth with white ground; and

(c) coloured with fixed colours as follows:

Block Plan:

Proposed premises or alterations: Red.

Other existing buildings: Grey or neutral colour.

Open spaces: Uncoloured.

(6) A charge of R1 for every application for approval of a plan or plans shall be paid on submission thereof, and on approval, such plan or plans shall become the property of the Council. On approval of such plan a written notice shall be issued with such conditions endorsed thereon as are deemed necessary by the Council.

(7) The approval of plans of premises shall in no way imply the acceptance of any responsibility on the part of the Council in regard to such premises.

(8) The approval by the Council in terms of these by-laws of any plans shall be null and void if the provisions of these by-laws are not complied with within one year after the date of such approval.

Voorwaardes van die Registrasiesertifikaat.

4.(1) Niemand mag op 'n perseel meer karbied as die hoeveelheid wat op die registrasiesertifikaat wat op sodanige perseel betrekking het, aangedui word, opberg, laat opberg, of toelaat dat dit daar opgeberg word nie.

(2) Iemand wat wettig in besit van 'n registrasiesertifikaat is, kan by die Raad skriftelik aansoek doen om toestemming om die totale hoeveelheid karbied wat ingevolge so 'n sertifikaat opgeberg kan word, te vermeerder. Die Raad staan sodanige aansoek slegs toe indien die voorgestelde vermeerdering aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen. Wanneer die Raad so 'n aansoek toegestaan het, moet sodanige persoon die registrasiesertifikaat by die Raad indien sodat dit gewysig kan word.

Hernuwing van die Registrasiesertifikaat.

5. Daar moet uiterlik op die 15de dag van Desember van die jaar wat die jaar ten opsigte waarvan hernuwing benodig word, voorafgaan, aansoek om die hernuwing van 'n registrasiesertifikaat gedoen word op 'n vorm wat deur die Raad verskaf word, en die gelde voorgeskryf in die Bylae hierby, moet die aansoek vergesel. Tensy die Raad dit verlang, word daar geen planne van die perseel in die geval van 'n hernuwing van 'n registrasiesertifikaat vereis nie.

Oordrag van 'n Registrasiesertifikaat.

6.(1) 'n Registrasiesertifikaat kan van een persoon aan 'n ander oorgedra word.

(2) Die persoon wat sodanige oordrag verlang, moet skriftelik by die Raad aansoek daarom doen op 'n vorm wat die Raad vir dié doel verskaf. So 'n aansoek moet vergesel gaan van die gelde voorgeskryf in die Bylae hierby, tesame met die registrasiesertifikaat wat betrekking het op die perseel ten opsigte waarvan sodanige oordrag verlang word.

(3) Geen registrasiesertifikaat is van een perseel op 'n ander perseel oordraagbaar nie.

Aanbouings en Veranderings aan 'n Geregistreerde Perseel.

7. Geen aanbouing of verandering mag aan enige bestaande geregistreerde perseel aangebring word, tensy en alvorens 'n plan wat ooreenkomstig die bepalings van artikel 3(4) opgestel is, by die Raad ingedien en skriftelik goedgekeur is nie.

Brandblustoestelle.

8. Die persoon aan wie 'n registrasiesertifikaat uitgereik is, moet in die perseel waarop sodanige sertifikaat betrekking het, op 'n maklik toeganklike en sigbare plek aan 'n muur of op 'n ander geskikte plek wat minstens 1 m bokant die vloeroppervlak van die perseel is, 6 rooi geverfde brandemmers met 'n inhoudsvermoë van 10 liter elk wat vol droë sand is, en waarop die woorde "BRAND/FIRE" in wit geverf is en leesbaar in stand gehou moet word, aangebring of laat aanbring.

Reëls wat Nagekom moet word.

9.(1) Niemand mag karbied op 'n geregistreerde of ongeregistreerde perseel opberg, laat opberg of toelaat dat dit opgeberg word nie, tensy sodanige karbied opgeberg word —

(a) op 'n plek wat nie gevaarlik naby aan enige vuur, vlam, oop lig of ander middel is wat moontlik vlambare of ontplofbare gas aan die brand kan laat slaan nie;

Conditions of Certificate of Registration.

4.(1) No person shall store or cause or permit to be stored on any premises any quantity of carbide in excess of the amount stated on the certificate of registration relating to such premises.

(2) Any person in lawful possession of a certificate of registration may make written application to the Council for permission to increase the total quantity of carbide which may be stored in terms of such certificate. Such application shall be granted by the Council only if the proposed increase complies with the provisions of these by-laws. When the Council has granted any such application, such person shall surrender his certificate of registration to the Council for amendment.

Renewal of Certificate of Registration.

5. Application for the renewal of a certificate of registration shall be made not later than the 15th day of December of the year prior to that for which such renewal is required, on a form to be provided by the Council, and shall be accompanied by the charges prescribed in the Schedule hereto. No plans of the premises shall be required in the case of a renewal of a certificate of registration, unless called for by the Council.

Transfer of Certificate of Registration.

6.(1) A certificate of registration may be transferred from one person to another.

(2) The person desiring such transfer shall make application in writing to the Council on a form to be provided by the Council for such purpose. Such application shall be accompanied by the charges prescribed in the Schedule hereto, together with the certificate of registration relating to the premises in respect of which such transfer is desired.

(3) No certificate of registration shall be transferable from one premises to another.

Additions and Alterations to Registered Premises.

7. No additions or alterations to any existing registered premises shall be made unless and until a plan prepared in accordance with the provisions of section 3(4) shall have been submitted to and approved by the Council in writing.

Fire Appliances.

8. The person to whom a certificate of registration has been issued shall install or cause to be installed in the premises to which such certificate refers, in an easily accessible and visible position on a wall or other suitable position not less than 1 m above the level of the floor of the premises, 6 fire buckets filled with dry sand, of a capacity of 10 litres each, painted red with the words "FIRE/BRAND" painted in white and legibly maintained thereon.

Rules to be Observed.

9.(1) No person shall store or cause or permit to be stored any carbide on any premises whether registered or unregistered, unless such carbide is stored —

(a) in such a position that it is not in dangerous proximity to any fire, flame, open light or other agency likely to ignite flammable or explosive gas;

(b) op 'n droë en behoorlik- geventileerde plek;

(c) op so 'n plek dat in die geval van brand of ontploffing die ontkoming van mense of diere van sodanige perseel af, nie verhinder of belemmer word nie;

(d) in metaalhouers wat toe is.

Ondersoek van Persele.

10.(1) Enige behoorlik-gemagtigde beampte van die Raad kan, vir enige doel in verband met die toepassing van hierdie verordeninge, te alle redelike tye en sonder om vooraf kennis te gee, enige perseel betree en sodanige navrae daar doen of ondersoek instel as wat hy nodig mag ag.

(2) Die eienaar of okkupant of, indien hulle nie op die perseel teenwoordig is nie, enige ander persoon wat daar in diens is, moet op versoek van sodanige gemagtigde beampte, hom verwittig van alle karbied wat in of op sodanige perseel aanwesig is, en moet alle navrae met betrekking tot die nakoming van die bepalings van hierdie verordeninge of met betrekking tot enige voorwaardes in verband met die registrasiesertifikaat, beantwoord.

Bou van Pakkamer.

11.(1) Elke pakkamer, vertrek of gebou wat gebruik word om meer as 900 kg karbied in op te berg, moet —

(a) stewig en van nie-brandbare materiaal gebou wees;

(b) sodanig gebou en in so 'n toestand wees dat die hele inhoud daarvan droog bly;

(c) behoorlik geventileer wees om te verhoed dat vlambare of ontplofbare gas daarin opgaar;

(d) sodanig geleë wees dat gas wat daaruit ontsnap nie moontlik in aanraking kan kom met enige vuur, vlam, oop lig of ander middel wat moontlik vlambare of ontplofbare gas aan die brand kan laat slaan nie.

(e) nie 'n opening hê na, of verbind wees met, 'n ander vertrek of gebou waarin mense woon of wat vir openbare byeenkomste of die huisvesting van diere gebruik word nie;

(f) sodanig gebou en geleë wees, dat daar geen moontlikheid van gevaar van enige vuur, vlam, oop lig of ander middel wat moontlik vlambare of ontplofbare gasse aan die brand kan laat slaan bestaan nie.

(g) op die grondvlak geleë wees: Met dien verstande dat enige sodanige pakkamer, vertrek of gebou wat gebruik word om meer as 9 000 kg karbied op te berg, tensy dit minstens 30 m van enige ander gebou af staan, van baksteen of beton en met 'n dak van brandbestande materiaal gebou moet wees, en mag geen opening na 'n ander vertrek of gebou hê of daarmee verbind wees nie.

Gevaarkennisgewings aan Pakkamers.

12. Niemand mag 'n pakkamer, vertrek of gebou vir die opberging van karbied in groter hoeveelhede as 900 kg gebruik, laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie, tensy en alvorens die woorde "GEVAAR — KARBIED / DANGER — CARBIDE" in letters wat minstens 75 mm hoog is, op die buitekant van die deur van sodanige pakkamer, vertrek of gebou geverf is. Sodanige kennisgewing moet te alle tye op dié plek in 'n leesbare toestand in stand gehou word.

(b) in a dry and well ventilated position;

(c) in such a position that in the case of fire or explosion, the escape of persons or animals from such premises will not be prevented or impeded;

(d) in closed metal containers.

Inspection of Premises.

10.(1) Any duly authorized officer of the Council may for any purpose connected with these by-laws, at all reasonable times and without previous notice, enter upon any premises whatsoever and make such enquiries or examination thereon as he may deem necessary.

(2) The owner or occupier or, failing their presence on the premises, any other person employed thereon, shall upon demand disclose to such authorized officer the presence of any carbide in or upon such premises, and shall answer all enquiries relating either to the observance of the provisions of these by-laws or to any condition in connection with the certificate of registration.

Construction of Store.

11.(1) Every store, room or building used for the storage of carbide in excess of 900 kg shall —

(a) be substantially constructed of non-combustible material;

(b) be of such construction and condition that all the contents thereof shall be maintained in a dry condition;

(c) be adequately ventilated to prevent the accumulation therein of flammable or explosive gas;

(d) be so situated that any gases which may be discharged therefrom are not likely to come into contact with any fire, flame, open light or other agency likely to ignite flammable or explosive gas;

(e) have no opening into or communication with any other room or building in which persons reside or which is used for public assembly or stabling of animals;

(f) be so constructed and situated that there is no possibility of danger from any fire, flame, open light or other agency likely to ignite flammable or explosive gas;

(g) be situated at ground level: Provided that any such store, room or building used for the storage of carbide in excess of 9 000 kg, unless situated at a distance of not less than 30 m from any other building, shall be constructed of brick or concrete and with a roof constructed of non-combustible material and shall have no opening into or communication with any other room or building.

Danger Notice on Store.

12. No person shall use or cause or permit to be used any store, room or building for the storage of carbide in excess of 900 kg unless and until the words "DANGER — CARBIDE/GEVAAR — KARBIED" in letters not less than 75 mm in height are legibly painted on the outer face of the door of such store, room or building. Such notice shall at all times be maintained in such position in a legible condition.

Suiwerheid.

13. Niemand mag enige karbied wat nie vir handelsgebruik suiwer is nie, opberg, gebruik, verkoop of te koop aanbied nie: Met dien verstande dat geen karbied wat enige onsuiwerheid bevat wat moontlik soveel fosfor- of silikonwaterstof kan afskei dat die gasse wat vrygestel word, moontlik vanself aan die brand kan slaan, vir die toepassing van hierdie artikel as suiwer vir handelsgebruik beskou word nie.

Beslaglegging op en Verwydering van Karbied.

14. Indien 'n gemagtigde beampte van die Raad op billike gronde vermoed dat karbied, strydig is met die bepalings van hierdie verordeninge opgeberg word, kan hy beslag lê op sodanige karbied en dit hou en hy kan die eienaar of okkupant of, indien hulle nie op die perseel teenwoordig is nie, enige ander persoon wat daar in diens is, aansê om die karbied in dié perseel of in enige ander perseel onder sy beheer, te hou, of hy kan dit op so 'n wyse en na sodanige perseel toe verwyder as wat, na sy mening, die veiligste vir die publiek is en dit daar hou, of hy kan enige ander reëlings tref wat hy ter beveiliging van die publiek noodsaaklik ag.

Strawwe vir Oortreding van Verordeninge.

15. Iemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge of 'n voorwaarde geëndosseer op die kennisgewing van goedkeuring of die registrasiesertifikaat wat ingevolge hierdie verordeninge uitgereik is, oortree, is skuldig aan 'n misdryf en, by skuldigbevinding, strafbaar met —

(a) 'n boete van hoogstens R300 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande;

(b) in die geval van agtereenvolgende of voortdurende oortredings van hierdie verordeninge, 'n boete van hoogstens R10 vir elke dag waartydens sodanige oortreding voortduur, of by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n totale tydperk van hoogstens 6 maande.

BYLAE.

Tarief van Gelde wat ingevolge Artikels 5 en 6 ten opsigte van Registrasiesertifikate en Oordragte betaalbaar is.

1. *Registrasiesertifikaat:*

(1) Halfjaarliks: R2.

(2) Jaarliks: R4.

2. Oordrag van 'n registrasiesertifikaat: R2.

PB. 2-4-2-115-132

Administrateurskennisgewing 1222 16 Julie 1975

MUNISIPALITEIT RUSTENBURG: WYSIGING VAN VERORDENINGE MET BETREKKING TOT ONTSPANNINGSPLEKKE EN DIE DORPSGRONDE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge met betrekking tot Ontspanningsplekke en die Dorpsgronde van die Munisipaliteit Rustenburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 224

Purity.

13. No person shall store, use, sell or expose for sale any carbide which is not commercially pure: Provided that no carbide containing any impurity liable to generate phospheretted or silicuretted hydrogen in such quantities as to render the gas generated likely to ignite spontaneously, shall be considered to be commercially pure for the purpose of this section.

Seizure and Removal of Carbide.

14. Where any authorized officer of the Council has reasonable cause to believe that any storage of carbide on any premises in contrary to the provisions of these by-laws, he may seize and detain such carbide and may either require the owner or occupier or, failing their presence on the premises, any other person employed thereon, to detain the carbide in those premises or in any other premises under his control, or he may remove it in such manner and to such premises as will, in his opinion, least endanger the public safety, and there detain it or take such other measures as may be necessary for the protection of the public.

Penalty for Breach of By-Laws.

15. Any person committing any breach of the provisions of these by-laws or of any condition endorsed on the approval notice or certificate of registration issued in terms of these by-laws, shall be guilty of an offence and, on conviction, be liable —

(a) to a fine not exceeding R300 or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 12 months;

(b) in the case of successive or continuing breaches of these by-laws, to a fine not exceeding R10 for every day such breach continues, or in default of payment, to imprisonment for a total period not exceeding 6 months.

SCHEDULE.

Tariff of Charges Payable for Certificates of Registration and Transfers in terms of Sections 5 and 6.

1. *Certificate of Registration:*

(1) Half-yearly: R2.

(2) Yearly: R4.

2. Transfer of Certificate of Registration: R2.

PB. 2-4-2-115-132

Administrator's Notice 1222 16 July, 1975

RUSTENBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO PLACES OF RECREATION, AND THE TOWNLANDS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Relating to Places of Recreation, and the Townlands of the Rustenburg Municipality, published under Administrator's Notice 224, dated 8 April 1936, as

van 8 April 1936, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 6 van Skedule B deur die volgende te vervang:

"6. *Vuurmaakgoed.*

Brandhout en houtskool: In sodanige hoeveelhede en teen sodanige pryse as wat die Raad van tyd tot tyd bepaal: Met dien verstande dat die prys gegrond moet wees op kosprys plus 10%."

PB. 2-4-2-151-31

Administrateurskennisgewing 1223 16 Julie 1975

MUNISIPALITEIT VEREENIGING: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE LISENSIËRING VAN ADVERTENSIESKUTTINGS, ADVERTENSIETEKENS EN -TOESTELLE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Lisensiëring van Advertensieskuttings, Advertensietekens en -toestelle van die Munisipaliteit Vereeniging, afgekondig by Administrateurskennisgewing 611 van 31 Desember 1941, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur artikels 4 en 4 *bis* te skrap.
2. Deur in Bylae A in die kolom onder die opskrif "*Lisensiegelde*" teenoor die item "Advertensietekens en -toestelle — Verkiesingsadvertensies" die uitdrukking "plus 'n deposito van R10 wat terugbetaal moet word sodra en wanneer alle advertensies ter voldoening van die Raad verwyder is" te skrap.
3. Deur in Bylae A in die kolom onder die opskrif "*Lisensiegelde*" teenoor die item "Advertensies vir rondreisende vertonings, konserte en danse en advertensies vermeld in artikel 1(a)(ii)" die uitdrukking "plus 'n deposito van R10 wat terugbetaal sal word sodra en wanneer alle advertensies tot voldoening van die Raad verwyder is" te skrap.

PB. 2-4-2-3-36

Administrateurskennisgewing 1224 16 Julie 1975

MUNISIPALITEIT VEREENIGING: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE BEHEER OOR ONTVLAMBARE VLOEISTOWWE EN STOWWE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Beheer oor Ontvlambare Vloeistowwe en Stowwe van die Munisipaliteit Vereeniging, afgekondig by Administrateurskennisgewing 187 van 3 Maart 1954, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:-

1. Deur in artikel 1 in die woordomskrywing van "ontvlambare vloeistowwe" die uitdrukkings "200° Fahrenheit" en "70° Fahrenheit", waar dit ook al voorkom, onderskeidelik deur die uitdrukkings "93°C" en "21°C" te vervang.

amended, are hereby further amended by the substitution for item 6 of Schedule B of the following:

"6. *Fuel.*

Firewood and charcoal: In such quantities and at such prices as the Council may from time to time determine: Provided that the price shall be based on cost plus 10%."

PB. 2-4-2-151-31

Administrator's Notice 1223 16 July, 1975

VEREENIGING MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE LICENSING OF HOARDINGS, ADVERTISING SIGNS AND DEVICES.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for the Licensing of Hoardings, Advertising Signs and Devices of the Vereeniging Municipality, published under Administrator's Notice 611, dated 31 December 1941, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the deletion of sections 4 and 4 *bis*.
2. By the deletion in Schedule A in the column under the heading "*Licence Fees*" opposite the item "Advertising signs and devices — Election advertisements" of the expression "plus a deposit of R10 which shall be refunded when all placards have been removed to the satisfaction of the Council".
